# STUDENT en die REPUBLIEK

Deur
**H. J. D. VAN DER WALT**
**President van die A.S.B.**

DIE JAAR 1960 sal in die geskiedenis van ons land altyd onthou word vanweë sekere gebeure wat 'n blywende indruk op ons volk gemaak het. Dit is 'n jaar waarin ons hoogtepunte sowel as laagtepunte bereik het.

Byna stormagtig het die wisseling van gebeure mekaar opgevolg en nou word aan die blanke bevolking van Suid-Afrika en S.W.A. gevra om hul stem uit te bring oor die vraag of ons moet oorgaan van 'n monargale Regeringsvorm na 'n republikeinse.

Dit is sekerlik nie vir my nodig om die gewigtigheid van hierdie saak onder ons jong mense se aandag te bring nie. 'n Baie groot gedeelte van ons blanke bevolking bestaan uit jong mense en 'n groot persentasie van hierdie jong mense bevind hulle vandag in die gelukkige posisie om hoër onderwys aan een of ander Universiteit of Kollege te geniet.

### HOUDING

Ek wil dan veral vandag wys op die houding wat ons studente, nie net van 'n sekere politieke partygroep nie, na my mening behoort te huldig en verder op die verantwoordelikheid wat ons bereid moet wees om te aanvaar ten opsigte van die republiek. Ook in die geledere van ons studentegemeenskappe vind ons diegene wat beslis JA gaan stem, maar ons vind ook 'n persentasie wat deur dr. Verwoerd die NEE-mense genoem word.

Ek kan my nie indink dat daar 'n burger van hierdie land is wat hom nie vergewis van die huidige geskiedenis wat hierdie posisie vooraf gegaan het nie. Daar is vandag baie van ons ouer mense wat nog of baie terugdink aan die land van hul oorsprong en nie die bande daarmee wil verbreek nie, daar is egter ook andere wat terugdink aan oorloë en 'n stryd om die behoud van Suid-Afrika.

Ons jonger geslag is in 'n sekere sin nie so ineengevleg in hierdie geskiedenis nie, hoewel ons dit baie deeglik onder oë moet neem, en daarom word van ons vereis 'n skerpe insig, 'n onbevooroordeelde bestudering van die verlede, die hede en die toekoms. 'n Gesonde oordeel dus oor die vraag of dit wenslik is om van Regeringsvorm te verander.

### WATTER TOEKOMS

**Die vraag wat ons moet beantwoord die dag as ons ons kruisie gaan maak is: Watter toekoms skep ek met hierdie kruisie, eerstens vir die ouer geslag, vir myself, vir my nageslag en vir die gekleurde bevolkingsgroepe van ons land.**



*MNR. HENNIE VAN DER WALT*

Dit is nie 'n vraag wat sonder grondige studie beantwoord kan word nie. 'n Student wat 'n stem gaan uitbring in onverantwoordelikheid of uit kwaaigesindheid of in emosionele onverskilligheid, speel met die toekoms van 'n land.

G. A. Watermeyer het in sy „Republiek van Duisend Jaar" die verantwoordelikheid treffend gestel, nl.:

> Elke hand wat 'n kruisie maak,
> Is 'n hand wat aan die toekoms raak.

### A.S.B. EN REPUBLIEK

Dit is aan u almal bekend dat die A.S.B., met 'n ledetal van ongeveer 18,000 lede, hom verskeie kere al ten gunste van 'n republiek uitgespreek het, nie omdat ons ons dan volgens Nusas op politieke terrein wil begewe nie, maar omdat die saak van die republiek vir elke blanke burger en elke gekleurde inwoner van hierdie land iets moet wees wat bo die partypolitiek staan, want dit is inderwaarheid 'n saak wat bo die politiek staan.

Ons is bereid om te sê dat eerstens 'n hegter samesnoering van die twee blanke bevolkingsgroepe in ons land nou dringend noodsaaklik geword het vir:

a. ons posisie as blanke in Suid-Afrika, asook die posisie van die gekleurdes in Suid-Afrika;

b. die posisie van die blanke in Afrika, asook die posisie van die Christelik Westerse beskawing in Afrika as buffer tussen Ooste en Weste.

In die tweede plek: Dat albei volksgroepe uit die verlede geleer het om mekaar te respekteer en daar 'n waarborg gegee is dat ons tale behoue sal bly.

Derdens: Dat dit ons posisie in die oë van die wêreld sal verbeter en verstewig, daar ons beslis sal kan toon dat indien hierdie ontwikkeling plaasvind ons dit met die nodige verantwoordelikheid sal kan aanvaar.

Die persone wat aanvoer dat hulle nie kan sien waarom ons 'n republiek moet word en dat die voorstanders van die republiek Suid-Afrika in die afgrond wil dompel, kan vandag byna nie vir ons sê namens wie praat hulle nie. Hulle is mense wat vir die afgelope 50 jaar se staatkundige ontwikkeling nie bestudeer of verstaan het nie. Hulle is mense wat die huidige wêreldkrisis nie begryp nie en wat nie dink aan die toekoms nie.

### DINK AAN TOEKOMS

**Ons moet verder onthou dat ons op 5 Oktober 'n meerderheid moet en gaan kry, maar dat ons ons bereid moet verklaar om nie te dink dat 'n republiek soos 'n towerslag alles sal regmaak en veral ons jong mense, ons studente dan maar kan terugsit en ons verheug in die verlede nie.**

Ons moet nie net bereid wees om die verantwoordelikheid daarvoor in die toekoms te aanvaar nie, maar ons moet bo alles geestelik sowel as verstandelik toegerus wees daarvoor. Ons moet nie dat daar oor 50-60 jaar gesê kan word dat vir ons alles gedoen is, maar dat ons dit nie kon opvolg nie.

### OORTUIG

Ek is oortuig daarvan dat onder die luim van die jonkheid van gees daar tog hierdie diepe verantwoordelikheidsbesef sit, dat ons ten volle bewus is van wat vir ons wag en dat ons bereid is om alles wat ons op hierdie terrein sal doen, dit sal wees met die leuse **Suid-Afrika eerste.**

Ek vra wees eerlik in u stemming en ons belowe aan ons Volk en aan die leiers van ons volk om te

> Antwoord op jou roepstem,
> Ons sal offer wat jy vra,
> Ons sal lewe, ons sal sterwe,
> Ons vir jou Suid-Afrika.

## Dr. Du Buisson Voor Estrarte

**Die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, dr. M. S. du Buisson, het onlangs op uitnodiging van die Estrarte Letterkundige Vereniging in die Totiusgedenksaal opgetree.**

Dr. Du Buisson het gepraat oor die mens-God-verhouding in die Afrikaanse poësie, met besondere toespitsing op D. J. Opperman en Eugène Marais. Dr. Du Buisson se proefskrif het ook gehandel oor hierdie onderwerp.

Daar was nie veel mense teenwoordig op die vergadering nie— uiters dertig, met insluiting van die personeellede wat teenwoordig was. Dit in weerwil van die feit dat die voorsitter van Estrarte, mnr. Gert Scholtz, met sy bestuur, die vergadering vooraf baie goed gepropageer en bekendgestel het en selfs uitnodigings aan personeellede gerig het om teenwoordig te wees.

Dr. Du Buisson se rede het lewendige bespreking uitgelok, waaraan onder meer prof. H. G. Stoker en dr. J. A. L. Taljaard deelgeneem het.

# ALABAMA LAAT KAFETERIA UIT SY NATE BARS

Te oordeel na 'n verrassende stap van die kant van die die Alabama-bestuur verlede week, lyk dit of hierdie groep groot dinge beoog vir 1961.

Die Puk is Woensdagaand wakkergeskud uit sy eksamenslaap met 'n uitvoering van kabaretmusiek wat byval gevind het by die grootste deel van die gehoor wat die kafeteria uit sy nate laat bars het.

Ook het by dié geleentheid die voorsitter van die Alabama aangekondig dat hulle tans 'n permanente orkes op die been poog te bring wat uitvoerings van hierdie aard sal lewer, maar waarvan die lede nie verplig sal wees om te gaan toer nie.

Die program het bestaan uit sang- en orkesitems wat mekaar goed afgewissel het. Dit skyn of die toekoms groot beloftes inhou as die standaard van die program wat haastig georganiseer moes word, in aanmerking geneem word. Veral trompetter André du Toit het uitgeblink in sy solonommers. Thorina Eloff, Okkie Kruger en seremoniemeester Niek Badenhorst het egter 'n moeilike toets deurgemaak waar hulle met hul liedjies 'n passende atmosfeer moes skep in 'n vertrek met te helder en te veel neonligte. Ook 'n goeie luidsprekerstelsel sal die sangers se taak baie vergemaklik.

### HINDERLIK

Een hinderlike aspek was egter die skynbare belangeloosheid by 'n gedeelte van die gehoor, wat 'n mens laat aflei dat waardering vir suiwer ligte musiek hier nog veel te wense oorlaat. Knap improvisasies en variasies op die trompet het te dikwels geen reaksie ontlok nie en onopgemerk verbygegaan. Dit wil lyk asof items van meer sentimentele aard oor die algemeen beter ontvang is.

● Ons sien dus uit na verdere uitvoerings van hierdie aard, wat hopelik nog instelling sal word en wat enersyds die standaard van die toerprogram sal verhoog terwyl dit andersyds beter ligte musiek onder die aandag van die studente sal bring.
—J.M.

## S.R.-Voorsitter se Boodskap

(Vervolg van bladsy 1)

Die republiek het nie as doel isolasie nie, maar wel die hoop op eenheid in toewyding aan die eie volk, in liefde vir die vaderland, in trots op gemeensaplike prestasies en in lojaliteit teenoor albei rasse.

Medestudente, laat ons nou Woensdag, 5 Oktober, elk ons bydrae lewer tot 'n dag wat in die anale van S.A. se geskiedenis aangeteken sal staan as: „Ons vir jou, Suid-Afrika!"

Ons weet dit is met die besef van innerlike oortuiging dat u en ek „die stryd wat ons vaders begin het" tot 'n finale beslissing gaan voer.

Maar om ons geesdrif en oortuiging vir hierdie groot saak te toon, laat ons reeds Maandagaand, 3 Oktober, soos een man opruk na die republikeinse saamtrek in die Totiusgedenksaal.

Ons roep mekaar toe:

> „Die golwende veld is ons woning,
> En ons dak is die hemelblou;
> Die vryheid alleen is ons koning,
> Sy wagwoord is: handhaaf en bou.
> Die stryd wat ons vaders begin het,
> Sal woed tot ons sterf of gewin het.
> Dit is die eed van Jong Suid-Afrika."

—J. J. DE WET KRUGER.

## Tukkies Se Nuwe S.R.

**Mnr. H. D. K. (Daan) van der Merwe, onder-president van die A.S.B., is verkies tot nuwe voorsitter van die Studenteraad van die Universiteit Pretoria.**

Die ander lede is: mnre. K. M. Schultz (onder-voorsitter), A. J. Willemse (sekretaris), J. L. C. Wolmarans (penningmeester), H. J. C. Pieterse, P. J. Giliomee, J. S. Oosthuizen, D. Neethling, P. J. Langley, J. P. Naude, E. P. Hugo, V. E. Hesse en P. J. Wessels en mejj. E. D. Muller en R. Thom.

Mnr. Willemse was verlede jaar hoofredakteur van Die Perdeby.

## Atlete begin vere regskud

*Die Wes-Transvaalse atletiekproewe vind plaas op die P.U.-atletiekveld op Saterdagmiddag, 8 Oktober. Uitnodigings is gerig aan alle W.T. skole en Seniorklubs.*

*Atlete wat vir die W.T.-span in aanmerking kom, sal aan die driehoekige byeenkoms te Durban op 15 Oktober, deelneem, en op 29 Oktober te Krugersdorp aan 'n byeenkoms waarin Noord-Transvaal, Suid-Transvaal, Vrystaat en Wes-Transvaal teen mekaar te staan sal kom.*

*Op Saterdag, 12 November, sal 'n verdere geleentheid aan atlete gebied word om kragte te meet teen die besoekende*

**AJAX**
BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES
Kerkstraat 159 Foon 3458
POTCHEFSTROOM



MOENIE.....
MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!
CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!"



MOENIE SOEK NIE!
'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind
Aptekers J. P. van der Walt
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

MERTON MOTORS
KERKSTRAAT 69 (REGOOR QUEEN'S HOTEL)
GEMAGTIGDE HANDELAAR VIR
FORD TAUNUS EN FALCON
POSBUS 159 TELEFOON 3025/3026

# B.A. IN BIBLIOTEEKWESE OOR VIER JAAR

**VANAF AANSTAANDE jaar sal B.A. in Biblioteekwese as erkende graadkursus op die P.U. aangebied word. Die kursus strek oor 'n tydperk van vier jaar en sluit ook sowat ses weke praktiese werk in n erkende biblioteek in asook 'n weeklange besoek aan biblioteke.**

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging stel hoë eise aan die opleiding van studente in Biblioteekwese. Om hieraan te voldoen, en om so 'n breed moontlike akademiese en professionele agtergrond aan studente te bied, het die Raad van die P.U. besluit op 'n vierjarige graadkursus. Hierby moet onthou word dat die reeds bestaande U.D.B. en L.U.D.B. bly voortbestaan.

Gedurende die vier studiejare van B.A. (Bibl.) word van die kandidate verwag om Biblioteekkunde I tot IV te voltooi benewens elf ander kursusse wat uit die vakke van die B.A.-graad gekies kan word. Die totale aantal kursusse word soos volg oor die vier studiejare versprei:

### LEERGANG

Eerste jaar: Biblioteekkunde I en vier eerste kursusse.

Tweede jaar: Biblioteekkunde II en twee tweede kursusse en een eerste kursus.

Derde jaar: Biblioteekkunde III en een derde kursus en een eerste of een tweede kursus.

Vierde jaar: Biblioteekkunde IV en een derde kursus en een eerste of een tweede kursus.

Die leerplan sluit onder andere onderwerpe in soos: boekvorm en boekproduksiemetodes, historiese ontwikkeling van die biblioteek, indeksering, naslaanwerk, katalogisering en klassifikasie van boeke en organisasie van biblioteke.

### GROOT BEHOEFTE

Daar bestaan vandag 'n groot behoefte aan biblioteekwerkers en vir die jong voornemende biblioteekwerker met 'n sterk begeerte om tot diens van sy medemens te wees, wag daar 'n besonder rooskleurige toekoms mits hy of sy die nodige professionele opleiding besit. Hierdie opleiding word op uitgebreide wyse deur die P.U. vir C.H.O. aangebied.

Daar is reeds baie navrae van voornemende biblioteekwerkers in verband met hierdie kursus ontvang.

Sodra B.A. (Bibl.) op sy voete is, sal die instelling van Honneurs- en Magistergrade beslis volg, het mnr. S. I. Malan, senior lektor in Biblioteekwese, aan Die Wapad gesê.

Mnr. Malan het voorts verklaar dat studente wat na die eerste of tweede studiejaar verkies om nie met die B.A. (Bibl.)-graad voort te gaan nie, vir een of albei hierdie kursusse erkenning vir die gewone B.A.-graad verleen kan word.

## Nie-blanke binne die Republiek

# Minister Skets Rassepatroon

**DIE MOONTLIKHEID van groter en selfs regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge en Indiërs in die Parlement in die toekoms, is deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in sy toespraak voor die A.C.B. op Potchefstroom gestel.**

Minister Nel het die plek van die nie-blanke in die republiek geskets. Hy het daarop gewys dat die Kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys moet bly stem, maar namate hulle getalle en politieke rypheid toeneem, behoort hulle geleidelik meer verteenwoordigers te kry—egter altyd op so 'n grondslag dat dit geen gevaar vir die blankes inhou nie.

„Die vraag of hulle deur hulle eie mense verteenwoordig gaan word, gaan in 'n baie groot mate afhang van die groei van hulle politieke verantwoordelikheid en van die oordeel van die geslagte wat kom.

„Vandag is dit nie praktiese politiek nie," het hy gesê.

Min. Nel het verklaar dat die Kleurlinge se belange baie beter behartig word op 'n afsonderlike kieserslys as wanneer hulle saam met die blankes stem.

### GASTE-BURGERS

Wat die Indiërs betref „toon die oorgrote meerderheid nog geen S.A. vaderlandsliefde of 'n Suid-Afrikaanse gees nie. Hulle is in der waarheid nog altyd gaste-burgers uit Indië.

„Solank as wat hierdie geestesgesteldheid bestaan, sal dit loutere onsin wees om aan hulle stemreg te gee.

„Indien hulle met verloop van tyd 'n Suid-Afrikaanse gees ontwikkel, kan dit myns insiens oorweeg word om aan hulle stemreg te gee op dieselfde grondslag as die Kleurlinge. Dit is egter 'n saak vir die nageslag. Vandag kan nog nie daaraan gedink word nie."

### KLIMAAT REG

Binne die republiek, het mnr. Nel gesê, sal die klimaat reg wees vir die deurvoer van die beleid van afsonderlike ontwikkeling tot sy logiese uiteinde.

Suid-Afrika sal verlos wees van die kafferboetie-storie — daardie hokstok wat alle politieke partye aangryp wanneer dit hulle pas om die kiesers vreesbevange te maak. 'n Verenigde blanke volk sal sy voorverpligtinge soos 'n vader kan nakom".

In daardie klimaat sal „'n gees van vertroue en samewerking by die nie-blankes geskep kan word omdat daar geen twyfel meer sal wees oor die selfstandigheid van die republikeinse staat nie.

### EMPIRE

„Suid-Afrika sal nie meer as bywoner van die Empire gesien word nie. Die nie-blankes sal nie meer deur 'n gedurige strewe na bondgenootskap met die oog op 'n magsbalans in die war gestuur word nie.


„Daar is is geen teken dat enigeen van die rassegroepe begeer om sy identiteit prys te gee nie. Nie een wil 'n mengelmoesstaat skep nie.

„Die blanke en die Bantoe het mekaar nodig. Hulle moet mekaar net vinniger leer waardeer en vertrou".

# A.C.B. Gaan Van Krag Tot Krag

**Die A.C.B. gaan steeds van krag tot krag. Hierdie feit is deur die onlangse kongres van die Beweging in Potchefstroom beklemtoon.**

Die organiserende sekretaris van die Beweging, mnr. G. H. van Rooy,



Prof. Dirk van Rooy, voorsitter van die A.C.B.

het die kongres meegedeel dat die Beweging nog steeds in getalle groei.

Nuwe takke en streeksrade word steeds gestig, terwyl navrae in verband met die stigting van takke uit verskeie oorde ontvang is. In vergelyking met drie jaar gelede word die waarde van georganiseerde optrede vandag baie meer besef.

### BANTOE NASIONALISME

'n Omvattende verslag oor Bantoe nasionalisme is deur 'n kommissie wat deur die vorige kongres aangewys is, ingedien en het wye bespreking op die kongres uitgelok. Die moontlikheid om die Calvinisme onder die Bantoe in te dra, het veral die aandag geniet en weë is aan die hand gedoen en bespreek.

Die moontlikheid om 'n publikasie soortgelyk aan die bekende „Koers in die Krisis" die lig te laat sien, is vir oorweging na die bestuur verwys.

### PRINSIPIEËL

Die kongres het ook gevra dat die bestuur gereeld prinsipiële leiding oor maatskaplike probleme sal gee. 'n Publikasie, „Die Christen en sy vakvereniging", sal eersdaags die lig sien.

Die finansies van die Beweging is gesond en die kongres het besluit om 'n bedrag van £100 by te dra tot die boufonds van die P.U.

(Berig uit Woord en Daad.)

# Kleurlingkollege Sal Hom Beywer Vir Vrye Opvoeding

Die Studenteraad sal hom sover moontlik vir die bevordering van 'n vrye opvoedkundige stelsel binne 'n vrye Suid-Afrikaanse gemeenskap beywer, het die studente van die Wes-Kaaplandse Universiteitskollege onlangs op 'n monstervergadering besluit.

Ongeveer 120 studente uit 'n totaal van 154 het die vergadering onder voorsitterskap van mnr. L. C. Petersen bygewoon. 'n Studenteraad is drie maande gelede gekies en die doel van die vergadering was om 'n toekomstige basiese beleid te formuleer. Die besluit moet nie beskou word as 'n reaksie teen 'n beleid of groep nie, het mnr. Petersen gesê.

Die volgende verklaring is na die vergadering uitgereik: „Op 'n monstervergadering van die studente van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland is die houding van die studente ten opsigte van die universiteitslewe oorweeg.

„Die studente het eenparig besluit dat elke opvoedkundige stelsel werklik demokraties moet wees. Die studenteliggaam erken dat hy hom in die eerste plek moet besig hou met daardie aspekte van die lewe wat regstreeks op die studente betrekking het, maar is ook oortuig dat die opvoeding nie geskei kan word van die samelewing waarin dit plaasvind nie.

„Daarom sal die studenteliggaam as verantwoordelike groep hom sover as moontlik moet beywer vir die bevordering van 'n vrye opvoedkundige stelsel binne 'n vrye Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die raad verklaar ook dat hy hiervolgens sy eie belange en voorregte en ook dié van alle ander studente te alle tye sal verdedig en probeer bevorder en gekant sal wees teen beïnvloeding ter ondermyning van hierdie funksie —hetsy van binne of buite die universiteitskollege.

„Oor die onlangse gebeurtenisse by Fort Hare voel die studenteliggaam dat hy binnekort weer moet byeenkom om meer besonderhede daaroor te verkry sodat hy 'n eerlike mening kan vorm. Die Studenteraad sal intussen deeglike ondersoek instel."

# GEEN KLAS OP GROOT DAG NIE

**DIE SENAAT VAN die P.U. het onlangs besluit dat alle kolleges en universiteitsfunksies op 5 Oktober, die dag van die referendum, afgelas word.**

Hierdie besluit word vertolk as vrystelling van die universiteitspersoneel en studente van alle verpligtinge sodat hulle op 5 Oktober volkome vry kan wees om hulp met die republikeinse veldtog te verleen.

'n Opname het aan die lig gebring dat die personeel en studente van die P.U. oorweldigend „Ja" gaan stem. Dis twyfelagtig of selfs twee persent van die stemgeregtigdes aan die universiteit teen die republiek sal stem.

### GOEIE GESINDHEID

Ook onder die 13,500 kiesers in die Potchefstroomse kiesafdeling met sy groot republikeinse verlede gaan die oorgrote meerderheid „Ja" stem.

Hoewel die geesdrif onder die republikeine hoog loop en hulle geesdriftig vergaderings bywoon, is hulle gesindheid teenoor andersdenkendes beter as ooit. Aan albei kante is verdraagsaamheid en hoflikheid die reël.

## Gaan Politiek Bestudeer

**'n Komitee vir politieke aangeleenthede is uit die Studenteraad in die lewe geroep.**

**Die doel van die komitee is om die lands- en wêreldpolitiek intensief te bestudeer, en verslae uit te bring wat rigtinggewend vir die S.R. sal wees by beleidsbepaling oor politieke aangeleenthede.**

**Die lede van die komitee is: mnre. P. R. P. Potgieter (sameroeper), J. H. Boneschans en J. S. du Plooy.**

## Prof. Van Rooy Voorsitter

**Prof. D. J. van Rooy is tydens die onlangse kongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging vir 'n verdere drie jaar tot voorsitter van die Beweging verkies.**

Die ander lede van die bestuur is: dr. P. J. Coetzee, prof. S. P. van der Walt, mnr. H. B. van der Walt, prof. W. J. Snyman, ds. W. J. de Klerk, mnr. S. D. de K. Venter, ds. J. C. Kruger en prof. A. P. Malan.

Die nuwe lede van die bestuur is: proff. Malan en Snyman en mnr. Venter.

## Organiseerder

**Die nuwe organiseerder van die Studenteraad is mnr. Piet Bosman. Hy is tans die verteenwoordiger van die Sentrale Sportbestuur op die Studenteraad en volg mnr. J. Hans van Zyl op.**

# PUKKE!

**Ruk in groot getalle op na die REPUBLIKEINSE SAAMTREK MAANDAGAAND**

**'n Geleentheid soos een in 'n duisend . . .!**




OP U PAD . . . .

**Die Welkom-kafee**

'N STUDENTEKAFEE!

• • •

H/v. President en Von Wiellighstrate.

die wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# Die Republiek Is Nodig

IN HIERDIE STADIUM kan daar weinig nuut oor die Republiek gesê word en hoewel ons lank en breed kan praat oor die uitwerking van die republiek op ons groepsverhoudinge in die binneland en ons betrekkinge met die buiteland, doen die vraag hom voor of ons genoeg praat oor die uitwerking op die Afrikaner self.

Die republiek is op stuk van sake in die eerste plaas 'n Afrikaner-ideaal en 'n Afrikaner-behoefte. Potensieël lê die grootste veranderinge wat die republiek sal bring nie by die Engelssprekende Suid-Afrikaner nie, maar by die Afrikaner.

Laat ons dus ons nie doodstaar op die moontlikheid dat die republiek ons medeburgers sal „reg" maak en daardeur eenheid sal bevorder nie. Laat ons dink hoe dit ons „reg" sal maak en daardeur diensbaarder vir Suid-Afrika.

As ander die republiek nodig het om 'n einde te maak aan die oorblyfsels van 'n verdeelde trou, dan het ons, Afrikaners, dit nodig om ons eie trou volllediger en sterker te maak.

En ons slaan die tweede behoefte hoër aan as die eerste. Die nadele van die behoud van die monargie is vir die Afrikaners nog groter as vir die Engelssprekendes, die skáde is meer aan ons kant.

### WAAROM?

Waarom? Omdat geen volk bevoordeel kan word deur die weerhouding van 'n natuurlike en vanselfsprekende reg nie. Hy kan sy nut vir andere en homself nie behoorlik ontplooi as hy onder 'n regmatige grief gebuk gaan nie.

Suid-Afrika kan konstitusioneel so vry wees as wat kan kom, maar die Afrikaners is innerlik nie werklik vry solank hul land se opperste instelling en simboliek in 'n ander land setel nie. Hulle is in die posisie dat hulle hul kinders moet leer dat ons vorstin Brits is, met die gevolg dat die meeste van hulle die hele saak behendig probeer vermy. Wanneer hulle dit wel verduidelik, voer dit hulle en hul kinders terug na 'n geskiedenis van 'n Afrikaans-Engelse stryd en die bitterheid wat daarmee gepaard gegaan het.

Hoe moet in sulke omstandighede die omvattende patriotisme bevorder word wat alle regdenkende mense vir Suid-Afrika verlang? Hoe kan ons één nasie word solank die staatsvorm self ons voortdurend herinner aan ons tweeheid? So word ons vaderlandsliefde wat sterk en suiwer in een kanaal moes geloop het, deur die hindernis van 'n oneie instelling verswak en verdeel. 'n Deel van ons gevoel en energie wat vir Suid-Afrika ingespan kon geword het, word vermors aan weerstand en verset teen diegene wat die ewig onaanneemlike aan ons probeer opdwing.

### TOT EIE BESWIL

Party van ons Engelssprekende medeburgers neem ons dit kwalik wanneer ons sê dat die republiek tot hulle eie beswil sal strek en beter Suid-Afrikaners van hulle sal maak. Hulle beskou dit as 'n refleksie op hul patriotisme. Laat ons hulle eerlik verseker dat die republiek nog nodiger is om die patriotisme van die Afrikaner tot sy volle rypheid en glorie te bring.

Ons voorsien in die republiek 'n vrystelling van opbouende lewenskrag onder Afrikaners wat, indien reg gelei, die ander seksies van die bevolking en selfs die wêreld kan verbaas. Ons wil vrygemaak word van griewe en bitterheid sodat ons ons nut en diens aan Suid-Afrika as geheel kan vergroot. Ons wil voor en bo alles die republiek hê, nie om van ander beter Suid-Afrikaners te maak nie, maar om self beter Suid-Afrikaners te word.

Diegene wat hierdie strewe bestry, sal 'n sware verantwoordelikheid voor die geskiedenis dra as hulle op 5 Oktober welslae sou behaal.

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ..... *Dirk Herbst* (X041)
NUUSREDAKTEUR ..... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE
EN BUITELANDSE SAKE ..... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ..... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ..... *Izak Lessing* (425)
VARIAREDAKTEUR ..... *Piet Bingle* (X068)
VARIAVERSLAGGEWERS ..... *Nic Badenhorst en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS:
..... *Gert Scholtz, Andrê Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ..... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ..... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ..... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ..... *Ben Bierman* (1188)
TEGNIESE ADVISEUR ..... *Gouws Oberholzer*

# In U Lig

ONS STUDENTEGEMEENSKAP is by uitstek die gemeenskap wat sing. Wanneer die einde van die jaar nader, dan raak dieselfde vrolike studente byna onherkenbaar—'n swygende, sugtende gemeenskap. Die vrees vir die rekenskap gee van die jaar se arbeid is die oorsaak.

Jesaja ken ook die vrees wat uit die daaglikse lewe na vore kom. Die land word bedreig met oorlog en vernietiging. Jesaja het sekerlik die reg, sou ons sê, om klaagliedere te uiter.

### MY HEIL

Hy doen dit egter nie; inteendeel ons beluister die woorde en klanke van 'n jubellied, „God is my heil". Hy styg dadelik bo die alledaagse uit na hoër sfere. Die Here het hom verlos uit die mag van die sonde en dood. Dit is vir hom hoër as die verlossing uit persoonlike moeilikheid, siekte, gevangeneskap of politieke druk.

**Jes. 12 : 2.—Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die Here Here is my krag en my Psalm, en Hy het my tot heil geword.**

As sy posisie voor sy God maar net reg is—dit is sy troos. Dat God sy heil is wil ook nie net in negatiewe sin sê dat hy vry van die skriklike sonde bande en straf is nie, maar hy is herstel in die guns en gelykenis van God.

### HUIDIGE TOESTAND

Keer sy oog dan terug na die huidige benarde en benouende toestand—ek sal vertrou en nie vrees nie. Hy vrees dit nie want dit kan hom skaad in sy verhouding tot God, meer nog—hy vrees dit nie omdat hy op dieselfde God vertrou wat hom uit die sonde mag verlos het. Sal die God hom dan nie naby wees in hierdie tydelike benoudhede nie?

„Hy sal die werke van sy hande nie laat vaar nie."

„Hy wat vir ons is, is meer as hulle wat teen ons is."

Hierdie benoudhede sal die profeet met krag tegemoet gaan. Die Here, die Verbondsgod, is sy krag. Dit is 'n krag wat alle krag oortref en uit vernedering verhef.

Waardeur vind die gelowige die krag? Deur die onuitspreeklike voorreg van die Evangelie wat ons kan besit, die dissipline wat oor ons uitgeoefen word deur sy voorsienigheid, en die werking van die Heilige Gees in ons.

### VERTROUE

Jesaja is dan nie net lydelik in sy vertroue op God nie. Nee, al is die horison so swart—die Here is my Psalm. Daar is dus 'n lied in sy hart en op sy lippe. Die Here is sy vreugde en dit jubel hy uit.

'n Psalm tog is iets wat andere kan hoor—iets wat van die mens uitgaan en hoorbaar is vir andere. 'n Uiting van die mens oor die grootheid, heiligheid mag, en eer van God.

Vir hom wie se verhouding met God reg is, is daar geen vrees; slegs vreugde wat in lofsange na vore kom.

Is dit ook die gesindheid waarmee ons as studente dag na dag ons benoudhede en beproewinge aan die Gees en liggaam ingaan?

Die Here is my krag,
Die Here is my Psalm.

# Nusas Soek Skoor

IN DIE JONGSTE tyd het 'n paar van Nusas se ampsdraers hulle aktief met Fort Hare bemoei.

Nusas—die liggaam wat hoofsaaklik in die hande van 'n kliek van linksgesinde studente aan Engelstalige universiteite is.

Fort Hare—altyd 'n moeilike inrigting wat in 1955 onder die ou bedeling gesluit moes word veral weens opstandigheid onder studente.

Indien so 'n sluiting nou moes plaasvind, sou dit wêreldwys geadverteer word as bewys van die mislukking van een van die Regering se „tribal colleges". Daarom is dit verblydend dat die studente van die inrigting self besluit het om hulle aan die reëls, regulasies en gesag te onderwerp.

Die vraag doen hom egter voor of Nusas se bedrywighede by Fort Hare nie gesien moet word as 'n daling in die standaard van orde en dissipline in die algemeen nie.

In 'n tyd waarin die Eerste Minister van Suid-Rhodesië moet vlug voor klipgooiende naturelle en waar dit in ons eie land nie baie kruit kos om swart ontploffings te veroorsaak nie, kan hierdie kwaadstokery nie geduld word nie.

In Suid-Afrika kan geen universitêre Kongo ontketen word nie. En dit is waarop die Nusas-agitasie by Fort Hare kan uitloop.

Dit is sekerlik die reg van studente om die bestaande universitêre bedeling te kritiseer en dit langs konstitusionele kanale te probeer verander. Maar as hul pogings uitloop op spanning en moeilikheid tussen studente en owerheid—soos tans by Fort Hare die geval was—sodat die goeie orde van die inrigting in gedrang kom, dan moet hierdie ideologiese liberalistiese gekkerny kortgevat word.

Dit is duidelik dat hierdie agitators skoor soek.

## DIE WAPAD

Die volgende Wapad verskyn op Woensdag, 12 Oktober.

Dit sal die laaste uitgawe wees en 'n beeld bied van die jaar se hoogtepunte en ook afskeidsboodskappe van vertrekkendes bevat.

## Politieke Berigte

Alle politieke berigte of berigte met 'n ietwat politieke kleur in hierdie uitgawe is deur die hoofredakteur geskrywe.

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*

*BAK ONS DIE*

***Heerlikste Vleispasteitjies***

**TURKSTRA BAKKERY**
(EDMS.) BPK.
KERKSTRAAT 61

**XPRESS**
DROOGSKOONMAKERS
ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN
DIENS AAN BLANKES ALLEEN
Lombardstr. 25 — Tel. 3403



**DIENS!**
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
**SUID-APTEEK**
BOTHASTRAAT 80
**PROTEA-APTEEK**
KERKSTRAAT 86

**Op pad . . .**



na
**GEEN & VELLEMAN**
vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
**Kerkstraat 178.**

**Ondersteun Ons Adverteerders**

# NUSAS EN FORT HARE: STAATSGREEP GEVRA

**ONTEVREDENHEID HET SOWAT drie weke gelede onder studente by die Universiteitskollege Fort Hare ontstaan nadat ampsdraers van Nusas die kollege besoek en deur die rektor, prof. J. J. Ross, verlof geweier is om 'n monstervergadering toe te spreek.**

'n Gees van oproerigheid het onder die studente ontstaan en hulle het geweier om hulle aan die normale gesag te onderwerp.

Sake aan die kollege gaan egter tans weer hul normale gang en lesings is soos gewoonlik voortgesit.

Dit het later geblyk dat Nusas se verteenwoordigers, nadat hulle verlof geweier is om die studente op die terrein van die kollege toe te spreek, dieselfde aand 'n vergadering in die dorp Alice gereël het, waar hulle die studente toegespreek het.

DEMONSTRASIE

Na 'n openlike demonstrasie van verset in die eetlokaal van die manstudente, het die uitvoerende komitee van die senaat besluit dat 'n ultimatum aan die studente voorgelê sal word om 'n verklaring te onderteken waarin hulle onderneem om die reëls en regulasies van die inrigting te eerbiedig en hulle aan die gesag van die inrigting te onderwerp.

Na langdurige samesprekings tussen die studente onderling het hulle besluit om aan die versoek gehoor te gee en die verklaring te onderteken.

REVOLUSIE

Kort hierna het 'n student van die Universiteit Kaapstad op 'n monstervergadering van die U.K. onder toejuiging om 'n staatsgroep en 'n revolusie gevra.

'n Mosie is goedgekeur waarin die owerheid se optrede aan die Universiteitskollege Fort Hare skerp aangeval is. Die mosie is deur die voorsitter van Nusas, mnr. Adrian Leftwich, ingedien.

'n Ander spreker het gesê dit is niks minder as „Nazisme en fascisme om studente met gewapende polisie te intimideer nie". Nog een het gesê dat die Regering op een van twee maniere bestry kan word: „Pratt se metode of ons metode; die aanneem van mosies wat die Regering aanval".

Sowat vierhonderd studente het die vergadering bygewoon.

Die mosie lui dat die Regering deur sy beleid van apartheid beheer oor die kolleges oorgeneem het en die studente van soortgelyke kolleges hul basiese vryheid van spraak, beweging en verkeer ontneem.

STRYD OM REGTE

Die studente van die Universiteit Kaapstad steun Fort Hare se studente in hul stryd om hul regte. Hulle wil 'n demokratiese regeringsvorm hê wat 'n demokratiese onderwysstelsel bevorder. Die Regering word gevra om Nusas aan die kollege toe te laat, lui die mosie.

Mnr. L. Withuhn, lid van die S.R., was die enigste wat die mosie afgekeur het. Hy het gesê Nusas is 'n bloot politieke organisasie en mnr. Leftwich as voorsitter van die organisasie wil die Universiteit Kaapstad in Nusas se politieke stryd insleep.—D.H.



Prof. Fourie.

# KOMITEES UIT STUDENTERAAD SAAMGESTEL

DIE VERSKILLENDE komitees uit die Studenteraad is pas saamgestel. Luidens 'n aankondiging van die Studenteraad, moet alle persone wat enige saak voor een van die komitees wil lê, regstreeks met die konvenor van die betrokke komitee in verbinding tree. Die komitees is:

SKAKELKOMITEE
P. R. P. Potgieter (konv.).
P. A. Venter.
C. J. H. Venter.

KLEUREKOMITEE
P. A. Venter (konv.).
J. M. Els.
C. J. H. Venter.

STUDENTEHANDBOEK
J. H. Boneschans (konv.).
P. W. Bingle.
J. M. Els.

DATUMKOMITEE
F. R. P. de Bruyn (konv.).
D. A. S. Herbst.

VERKIESINGS
J. S. du Plooy (konv.).
Mej. C. W. Postma.

FINANSIEËL
N. J. Swart.
J. J. de Wet Kruger.
J. S. du Plooy.

POLITIEKE AANGELEENTHEDE
P. R. P. Potgieter (konv.).
J. S. du Plooy.
J. H Boneschans

KAFETERIA
Mej. C. W. Postma (konv.).
J. S. du Plooy.

LID VIR PUBLIKASIES
P. W. Bingle.

EERSTEJAARS
J. J. de Jager (konv.).
P. E. Bosman.
Mej. C. W. Postma.

LID VIR TERREINE
P. E. Bosman.

LID VIR TOERE
J. J. de Wet Kruger.

BOU EN VERVOER
N. J. Swart (konv.).
J. S. du Plooy.
J. J. de Wet Kruger.

REORGANISASIE
J. S. du Plooy (konv.).
J. H. Boneschans.
J. J. de Wet Kruger.
D. A. S. Herbst.

SEKRETARIEËL
F. R. P. de Bruyn.
D. A. S. Herbst.
J. J. de Wet Kruger.
J. S. du Plooy.

# NUWE RIGTING BEOOG VIR A.B.K.K.

Die moontlikheid dat die Algemene Bestuur vir Kuns en kultuur in die toekoms 'n groter rol as Kultuur-verteenwoordigende liggaam in die studentelewe kan speel, het op die eerste vergadering van die nuwe bestuur na vore getree.

Die gevoel het nog altyd bestaan dat die A.B.K.K. nie sy bestaan regverdig nie. In die eerste plek is die A.B.K.K. egter 'n verteenwoordigende liggaam, terwyl daarby onthou moet word dat dit as voog vir kultuurbelange moet optree. Sonder om dus op die terrein van sy onderliggame in te meng, moet die A.B.K.K. ook behalwe dat die belange van hierdie onderliggame behartig moet word, terreine wat nog braak lê, ontgin om sodoende belangstelling in daardie rigting op te wek.

KOMMISSIE

Om hierdie aangeleentheid te ondersoek, is 'n kommissie bestaande uit persone wat op die A.B.K.K. dien sowel as daarbuite, aangewys. Die lede van die kommissie is:

Mnre. P. A. Venter (konvenor), D. A. S. Herbst, J. H. Boneschans, I. van der Walt en J. D. Roode.

Die kommissie sal ondersoek instel na die bestaan van die A.B.K.K. en sy taak in die algemeen en besonder. Hierby moet die kommissie aandui hoe terreine wat nog nie deur onderliggame gedek word nie, deur die A.B.K.K. ontgin kan word.

AKADEMIESE VERENIGINGS

'n Verdere taak van die kommissie sal wees om te onderskei tussen kultuur- of kunsverenigings enersyds en akademiese verenigings andersyds.

# Redakteur Weer Aangewys

**Mnr. Dirk Herbst, huidige redakteur van Die Wapad, is ook vir volgende jaar deur die Studenteraad aangewys as hoofredakteur van Die Wapad.**

Dit sal die derde agtereenvolgende jaar wees dat hy aan die redaksie van Die Wapad verbonde is.

Die volgende persone is deur die Studenteraad op die hoofredaksie van Die Wapad vir 1961 benoem:

Assistent-hoofredakteur: Dewald Roode.

Nuusredakteur: Izak Lessing.

Sportredakteur: Piet van der Schyff.

Redakteur Interuniversitêre Sake: Prinsloo Potgieter.

Redakteur Varia: Louis Botha.

Redakteur Studenteraadsnuus: Piet Bingle.

Kunsredakteur: Johan van der Merwe.

Dit sal die eerste keer wees dat geen dames op die hoofredaksie van Die Wapad dien nie. Ander lede van die redaksie, soos verslaggewers en verslaggeefsters, sal binnekort aangewys word deur die hoofredaksie.

# DIE PUKKIE HET STOF DRINGEND NODIG

1961 se Pukkie het dringend stof nodig!

Toegegee, dit is 'n „vreeslike" akademiese tyd waarin ons leef maar wat van daardie oulike grappie of, terwyl die breins nou in hoogste versnelling is, 'n bietjie „wit"? Enigiets wat moontlik in Die Pukkie sal pas, sal baie waardeer word solank dit oorspronklik is.

Nou is die kans vir almal om iets by te dra: Eerstejaars, maar ook ou-here en ou-dames, wat weet wat eintlik by Die Pukkie aangaan.

Vir dié wat kunsvaardig is, wag daar 'n moontlike 5 Rand (£2/10/-). Ontwerp net 'n oorspronklike buiteblad en handig hom in.

Alle bydraes behoort voor 1 Oktober ingelewer te wees, maar laat bydraes sal nog tot 14 Oktober ontvang kan word. Die bydraes kan by die verteenwoordigers op die redaksie ingehandig word:

Redakteur: Dewald Roode.

Sekretaresse: Elsa Pelser.

Dorpsverteenwoordigers: Leon Croeser (Hoffmanstraat 44) en Trudie Gey van Pittius (Joostestraat 20).

Manskoshuisverteenwoordigers: Andries Coetzer (Uitspan), Frik van Deventer (Ons Huis), Frank Swanepoel (Heimat) en Fido Barnard (Dawie du Plessis).

Dameskoshuisverteenwoordigsters: Magda Roets (Klawerhof), Elsa Pelser (Piet Groblerhuis), Erina van der Walt (De Klerkhuis).

Tegniese adviseur: Johan van der Merwe.

# Drie Oud-Pukke na Oeganda

Prof. I. J. van H. Fourie is deur die Minister van Onderwys benoem as afgevaardigde na 'n internasionale kongres aan die Universiteit Makerere in Oeganda.

Die onderwerp van die kongres is Engels as tweede taal. Die kongres duur van 1 tot 13 Januarie 1961.

Die ander twee persone wat deur die Minister benoem is, is albei oud-Pukke. Hulle is dr. J. L. du Plooy en prof. J. A. Venter, van Fort Hare.

# Liggaam Buite Nusas en A.S.B. Bepleit

**Die stigting van 'n studente-organisasie buite die A.S.B. en Nusas met Suid-Afrikaanse patriotisme as eerste grondslag, sal aan die land 'n diens bewys soos nie een van die ander organisasies nie, het mnr. Beyers Roelofse, uittredende voorsitter van Stellenbosch se Studenteraad, in sy jaarverslag verklaar, luidens 'n berig in Die Burger.**

„'n Bemoedigende tendens in Suid-Afrikaanse studentekringe vanjaar is die besef wat posgevat het by universiteite dat kontak en samewerking 'n noodsaaklikheid geword het," sê mnr. Roelofse verder.

„So sterk is hierdie gevoel dat die Universiteite van Natal en Potchefstroom die inisiatief geneem het om studentekonferensies te belê buite die A.S.B. en Nusas. Hierdie gevoel het ook, word op goeie gesag verneem, sterk na vore getree op vanjaar se konferensie van Nusas.

„Die klimaat is reg vir groot gebeurtenisse in ons Suid-Afrikaanse studente-aangeleenthede," aldus mnr. Roelofse.

# Christina Postma Hoofdame

*Op 'n spesiale verkiesingsvergadering van die dameskoshuise wat Maandagaand 26 September in die Lettie du Plessis-eetsaal gehou is, is mej. Christina Postma gekies as hoofdame van 1961.*

*As onderhoofdames is mej. Valeria Venter en mej. Rina Roos gekies.*

*Op dieselfde vergadering is die nuwe huiskomitee vir 1961 ook gekies, maar die uitslae was met ons ter perse gaan nog nie bekend nie.*

*Die tradisionele „swanesange" van dames wat die Puk verlaat, het die verkiesingspanning telkens verlig. Daar is 'n paar wat beslis as Puk-kaskenadesskatte in geheues sal vassteek — in hierdie verband dink ons veral aan die swanesange van mejj. R. Smit en H. Els.*

*Rolprentvertonings van Intervarsities, Vreugdedae en verskillende „funksies" van die dameskoshuise is deur mej. Maryn Fourie, hoofdame van vanjaar, vertoon.*


# SHELL-NAGRAADSE STUDIEBEURSE

The Shell International Petroleum Company Ltd. bied namens die Oliemaatskappye van die Koninklike Nederlandse/Shell-groep

# TWEE STUDIEBEURSE

aan, elk ter waarde van £750 per jaar vir twee jaar, geldig aan 'n Universiteit in die Verenigde Koningkryk vir nagraadse studie in een van die volgende vakke:

**Ingenieurswese, Chemiese Ingenieurswese, Chemie, Fisika, Geofisika en Geologie**

Daarbenewens sal die Maatskappy 'n aansienlike gedeelte van die reisgeld betaal.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 November 1960. Besonderhede aangaande die beurse en aansoekvorms is verkrygbaar by die kantoor van die Registrateur of by DIE SHELL-MAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BEPERK, PERSONEEL-AFDELING, POSBUS 2231, KAAPSTAD.

Suksesvolle applikante is onder geen verpligting om hulle dienste aan Shell aan te bied nie.

# S. A. se 17de REPUBLIEK?

deur **Dirk Herbst**

**OP 5 OKTOBER vind die volkstemming oor die republiek plaas. Die antwoord sal ja of nee wees. Maar weet u wat 'n republiek is, weet u wat die woord beteken en weet u hoeveel republieke Suid-Afrika al gehad het?**

Die term republiek is, sover bekend, die eerste keer in Italië gebruik. Die eerste regeringsvorm wat die inwoners van die staatjie Latium gehad het, was 'n monargie. 'n Koning was aan die hoof van die staatsbestuur. Maar die Latyne het mettertyd ontevrede geraak met die koning omdat hy te outokraties opgetree het en daar net na die belange van 'n klein groepie mense omgesien is.

In die jaar 508 v.C. is die koningskap beëindig en is 'n republiek in die lewe geroep. Die republiek het byna 500 jaar lank bestaan.

Die woord republiek is afgelei van die Latynse woord **respublica. Respublica** bestaan uit twee woorde: **res** en **publica.** Eersgenoemde beteken: ding of saak en laasgenoemde beteken openbaar, publiek of gemeenskap. **Respublica** beteken dus letterlik: die gemeenskaplike saak of gemenebes.

Die woord gemenebes beteken dit wat tot voordeel strek van almal, m.a.w. dit wat al die inwoners van 'n staat bevoordeel.

Dit was dan ook die bedoeling met die ou Italiaanse republiek: die regering was nie in die hande van een persoon of 'n klein groepie mense nie, maar in die hande van die hele gemeenskap. En hierdie betekenis het die woord republiek al die eeue heen behou.

**SESTIEN REPUBLIEKE**

In die geskiedenis van Suid-Afrika was daar reeds sestien republieke: veertien Boererepublieke, een uitlander-republiek en minstens een nieblanke republiek.

Sommige was republieke in die ware sin van die woord; hulle het aan al die vereistes vir 'n republiek voldoen. Ander was egter „onvolwasse" republieke—mense het onbeholpe opgetree en het nie altyd oor die nodige konstitusionele kennis en ervaring beskik nie.

Dit is bekend dat Nederland in die sewentiende eeu, toe die volksplanting aan die Kaap gestig is, 'n republiek was. Die Kaap het egter nie regstreeks onder die republiek se parlement geressorteer nie, maar is deur die Kompanjie wat 'n min of meer selfstandige liggaam binne die republiek was, bestuur.

**ONTEVREDE**

Die Kaapse koloniste was egter nie tevrede met die beleid en bestuur van die Kompanjie nie—daar was weinig politieke en ekonomiese vryheid en korrupsie was aan die orde van die dag—en in 1795 het die inwoners van Graaff-Reinet en Swellendam daarteen in verset gekom en hulle eie bestuurseenhede in die lewe geroep.

Die bestuurseenhede word gewoonlik republieke genoem hoewel hulle tog nie in die volle sin van die woord republieke was nie.

Hoewel die inwoners van Graaff-Reinet en Swellendam dus blykbaar nie afsonderlike republieke wou stig nie, was hulle gesindheid tog republikeins.

Die republikeinse tydperk in die geskiedenis van die Kaap het in 1806 tot 'n einde gekom toe die Kaap permanent in Britse hande oorgegaan het. Die Britte het 'n imperialistiese beleid gevolg: hulle wou die Kaap verengels. Maar hierteen het die konoliste in verset getree en dit was onder andere een van die oorsake van die latere Groot Trek.

Duisende koloniste het weggetrek en in verskeie gebiede republieke in die lewe geroep. Dié republieke het almal 'n gees van nasionale onafhanklikheid geadem; die mense wou niks met die Britse kroon te make hê nie; hulle wou hulself regeer en 'n eie verkose parlement en staatshoof hê.

Een van die eerste republieke wat in die lewe geroep is, was die Republiek Natalia, wat in 1839 gestig is met Pietermaritzburg as hoofstad. Die republiek het egter geen staatshoof gehad nie en het slegs tot 1842 bestaan toe Natal deur Brittanje geannekseer is.

**POTCHEFSTROOM**

'n Tweede republiek wat deur die Voortrekkers in die lewe geroep is, was Potchefstroom en is in 1838 onder leiding van Potgieter aan die Mooirivier gestig.

Die derde republiek was Orighstad wat ontstaan het deurdat 'n aantal Potchefstromers in 1845 onder leiding van Potgieter noordoos getrek het. Hulle het die dorp Andries Orighstad aangelê en 'n selfstandige bestuur in die lewe geroep wat selfstandig gebly het tot 1849.

'n Verdere republiek was Kliprivier en is in 1846 gestig deur 'n aantal Natalse Voortrekkers wat nie onder Britse vlag wou bly nie. Hulle het die Tugelarivier oorgesteek en die landstreek naby Ladysmith van die Zoeloe-hoof Panda vir 1,000 riksdaalders gekoop. Daar het hulle 'n selfstandige staat gestig, maar die Britse owerheid wou dit nie erken nie sodat hulle in 1848 weer verder getrek het.

**ERKEN**

'n Vyfde republiek was die Oranje-Vrijstaat wat van 1854 tot 1902 bestaan het. Die grondwet is deur 'n Hollander, Jacobus Groenendal, opgestel. Dit is interessant om te weet dat hierdie republiek die eerste was wat as sodanig internasionale erkenning verkry het.

'n Ander republiek was die Zuid-Afrikaansche Republiek, of Transvaal. Die onafhanklikheid van die republiek is in 1852 deur Brittanje erken maar 'n onsekere toestand het lank in die republiek geheers. In 1870 is die republiek deur Frankryk, Nederland en België erken en dit het bestaan tot 1902.

'n Volgende republiek was Zoutpansberg wat in 1856 tot stand gekom het, maar in 1858 het dit ingeskakel by die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die hoofdorp was Schoemansdal.

Nog 'n republiek, dié keer in Natal, was Utrecht. Oorspronklik het dit bekend gestaan as die Buffelriviersche Nedersetters of Maatschappij, en hulle het in 1855 by die Transvaalse Volksraad om erkenning gevra, wat egter geweier is.

'n Negende republiek was Lydenburg. Dit was egter net soos Zoutpansberg 'n splinterrepubliek in Transvaal en het in 1857 tot stand gekom. Dit het bekend gestaan as Die Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika en het in 1860 met die Z.A.R. verenig.

**KLEINSTE**

Seker die kleinste republiek in ons geskiedenis was die Klein Vrijstaat. Dit was geleë by Piet Retief in Oos-Transvaal en was sowat 15,000 morge groot. Dit is gestig deur Boere wat die gebied van die Swazi-hoofman vir perde en gereedskap geruil het. Die republiek het 'n grondwet gehad en selfs 'n eie vlag en seël, en is later by die Z.A.R. ingelyf.

Twee republieke in Wes-Transvaal was Stellaland en Gosen. Albei was geleë in inboorlinggebied en is gestig deur Boere wat grond ontvang het van inboorlinghoofmanne wat hul hulp in onderlinge twiste ingeroep het. Stellaland is in 1883 uitgeroep met ene Gert van Niekerk as hoof met Vryburg as hoofdorp. In 1885 is 'n Britse Protektoraat oor die gebied afgekondig en Stellaland was daarmee heen. Dieselfde weg het die Republiek Gosen gevolg wat in 1882 tot stand gekom het met Mafeking as hoofdorp.

'n Dertiende republiek was die Nuwe Republiek of Vryheid. Die naam sê waar dit geleë was: Vryheid in Natal. Dit is in 1884 gestig deur Boere wat die se hulp deur Ketsjewayo ingeroep is. As vergoeding vir hul hulp het hulle plase ontvang. Lucas Meyer was president en die republiek is in 1886 deur Brittanje erken, maar het in 1888 tot 'n einde gekom.

**EIENAARDIGSTE**

Die laaste Boererepubliek was Upingtonia wat in 1885 deur Boere gestig is wat uit Transvaal na Angola getrek het en later na Suidwes. Hulle het hulle in die omstreke van Grootfontein gevestig. Ene G. D. P. Prinsloo was die „President des Bestuurs". In 1887 het die republiek tot 'n einde gekom.

Daar is nou nog een republiek wat nie deur die Voortrekkers of hul nasate gestig is nie, maar veral deur uitlanders. Dit was die delwersrepubliek by Klipdrif.

Dié republiek was seker een van die eienaardigste wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Dit het in die tyd van die groot diamantstormloop tot stand gekom en was geleë in die omgewing van die huidige Barkly-Wes. Die gebied was destyds blykbaar niemandsland en die president was 'n Engelsman, ene Stafford Parker, gewese matroos. In 1870 is hierdie republiek—Klipdrift Diamond Fields—in die lewe geroep. Die bedoeling was om aan die wêreld te toon dat die inwoners selfstandig oor hul sake kon beslis. Maar die republiek het 'n kortstondige bestaan gehad, want in 1871 is die Britse vlag daaroor geplaas.

**NIE-BLANKE REPUBLIEK**

Minstens een republiek is deur nie-blankes in Suid-Afrika in die lewe geroep. Dit was die staatjie van die Rehobothbasters in Suidwes, bekend as die „Baster Gebied". Die Basters het uit die noordelike Kaap gekom en hulle in 1870 by Rehoboth gevestig en 'n eie bestuurstelsel in die lewe geroep.

Hulle het hul eie verkose parlement en verkose gebiedshoof gehad. Ook het hulle 'n eie regskode gehad wat die „Vaderlike Wet" genoem is. So het hulle hulself op 'n onafhanklike wyse geregeer totdat die Duitsers meer as tien jaar later in Suidwes aangekom het.

● Staan ons op die vooraand van Suid-Afrika se sewentiende republiek?

# 'N ERNSTIGE WAARSKUWING: WAAK TEEN GEES VAN LIBERALISME

GEAGTE REDAKSIE,

**Vergun my om in Die Wapad 'n woord te spreek oor die gees wat tans heers aan die P.U. vir C.H.O. Langer kan oor hierdie aangeleentheid nie geswyg word nie.**

Hier aan ons Universiteit wat ontstaan het uit die geloofsoortuiging van ons vadere en waarvoor groot offers gebring is, het in die afgelope paar jaar 'n geweldige gees van liberalisme opgeduik wat nie hier tuishoort nie.

Ek sê die afgelope paar jaar, maar daarmee bedoel ek nie dat dit sommer eensklaps ontstaan het nie. Dit was seker al geruime tyd sluimerend en het sy beslag gevind in die algemene gees wat vandag in Suid-Afrika bestaan.

Ek wil slegs op enkele sake wys, hoewel baie ander genoem kan word.

**GODSDIENS BY ETE**

In die eerste plek wil ek wys op die godsdiens wat by etes gehou word in ons eetsale. Dit het vir die meeste van ons studente 'n blote formaliteit geword wat so vinnig moontlik afgerammel moet word. Asof God daarmee tevrede moet wees!

Godsdiens is nie beperk tot Sondag in die kerk nie, maar dit behoort die hele lewe te beheers. God kom eerste en dan die mens. Wee ons wanneer Hy sy oordele oor ons sal bring! Sy genadegawes word vertrap en ook bespot.

Dit kan baie duidelik gehoor word aan die wyse waarop godsdiens gehou word deur sommige van ons studente. Dit het onlangs gebeur dat terwyl 'n persoon na aandete gebid het ander gekyk het hoe lank dit duur en onmiddellik na die gebed die tydsduur daarvan wêreldkundig gemaak het.

Daarna is met sinsnedes van die gebed gespot in die gange van die betrokke koshuis.

**AFTAKELING VAN GESAG**

In die tweede plek kom hierdie gees van liberalisme ook na vore in die negering van gesag wat oor ons gestel is. Wie het ons as studente die reg gegee om klasse te boikot as die Raad van die Universiteit besluit het dat daar wel klas sal wees —soos wel verlede jaar by een geleentheid die geval was? Het van ons studente nie ook maar net gehoor dat ander studente in oorsese lande en ook elders in Suid-Afrika boikotte reël nie? As ander dit doen, is dit nog geen regverdiging vir ons om dit ook te doen nie.

**DRANKMISBRUIK**

Derdens vind ons ook hier die oormatige gebruik van sterk drank deur sommige studente, hoewel stappe teen sodanige persone gedoen word.

Mens kry die indruk dat daar studente onder ons is wat daarop uit is om die eens gesonde beginsels en die voorstanders daarvan doelbewus uit te tart. Weet diegene nie dat hulle God Almagtig tart nie? Sy straf sal ook nie uitbly nie!

Word oor hierdie dinge gepraat, word dit jou voor die kop gegooi dat jy die mens se persoonlike vryheid om te doen soos hy wil, hom wil ontneem.

Vryheid bestaan tog immers daarin dat ons nog gebonde is aan die Wet van God. Christus het wel vir ons daardie wet vervul uit louter genade, maar dit is nie bedoel dat ons nou maar kan doen soos ons wil nie en dat God dan daarmee genoë moet neem nie.

Dit het hoog tyd geword dat ons ons ernstig besin oor hierdie dinge en laat ons God bid om ons te help teen hierdie verdoemende sondes.

Dankie vir plasing.

Die uwe,

—J. P. DUVENAGE.

# Musiekvereniging se Bestuur

Die P.U. Musiekvereniging, wat reeds bekendheid verwerf het vir die puik musiekkonserte wat dit met uitgenooide kunstenaars aangebied het, sal van volgende jaar af nie meer onder patronaat van die Studenteraad staan nie.

Die vereniging het ook 'n nuwe bestuur saamgestel:

**Voors.:** Jan Scholtemeijer.
**O/Voors.:** Ben Bierman.
**Sekr.:** Mej. Lita Schoeman.
**Pgm.:** Hannes Viljoen.
**Add.:** Danie Fourie en mej. Corene Cronjè.

Cachet Modes
(Edms.) Bpk.
Tomstraat 92 Telefoon 1389
POTCHEFSTROOM
*Ons spesialiseer in DRAG VIR JONG DAMES, veral KERKDRAG*
*NOMOTTA-WOL in voorraad*

# Watter Dames wil 'n Eensame Sewetal Help?

Haait oom Brakkie,

Laat die byle huil en laat die vroumense aanstap. Luisterkyk, hiers die dinge maar baie skraal wat die vroumense aanbetref. Daarom plaas ons die bokant van ons onderkant op die stoel en laat die binnekant van ons hart buitekant toe kom.

Hier sit sewe van ons mooi en onnosel. Maar dis mos maar soos die mans moet wees—mooi dat die vrouens ons kan liefhê en onnosel dat ons die vroumense kan liefhê.

Ons staan almal al ongelukkig ou kant toe—saam is ons al oor die honderd. Al sewe van ons is studente en ons is alombekend onder mekaar. Die meeste van ons is maar taamlik min onderontwikkeld en ons was al sewe al oorsee toe ons die Vaalrivier oorgesteek het.

### VOORSTELLING

Jy wonder al seker wie is ons—wel hier kom dit:

**Swart Meraai.** Hy is 5vt. 10dm. kort, weeg 170 lb. voor ete, swart hare en stel baie belang in boks, rofstoei, gewigoptel, judo en tafeltennis. Hy is ook voordanser van die plaaslike volkspelelaer. Wil graag met dames korrespondeer wat belangstel in dieselfde dinge as hy behalwe volkspele en tafeltennis. Hy is 23 jaar oud en enigiemand van 19 tot 21 kan maar skryf.

**Snôrmajoor.** Hy is 21 jaar oud, swart hare, bruin oë en is 6vt. 1dm. lank. Hy is breed gebou met smal skouers of smal gebou met breë skouers. In elk geval dit klink ewe gebreklik. Hy dra kontaklense en die weerlig het sy twee voortande uitgeslaan. Hy stel belang in skoenreparasies en vra blonde dameskorrespondente van 18 tot 20 jaar.

**Bakoor.** Mooi geboude jong boerseun, ligte hare, blou oë, 6vt. 4dm. lank en weeg 150 lb. Tans is hy op dieet weens effens oorgewig. Hy is 22 jaar oud en swôt tans U.O.D. met 'n Post Toasties-beurs. Stel belang in alle sport en vra asters van 18 tot 22 jaar.

**Bossie.** Frisgeboude jong boerseun, 6vt. lank, ligte hare en groen oë behalwe die blou glaasoog, 21 jaar oud, stel belang in voetbal, bofbal en is so rats soos 'n seekoei. Vra rooikop asters wat vinniger is as hy.

### BANKREKENING

**Kuite.** Ses voet lank, swart hare, geruite oë, 20 jaar oud en besit 'n hanglip soos 'n stiebeuel. Baie musikaal, hou van uitstappies en terugstappies en van homself. Hy is windmakerig en gasvry en is versot op kool. In besit van 'n stewige bankrekening met baie kleingeld. Vra meisies van 18 tot 20 jaar.

**Borselbek.** Preutse jong seun, 23 voor twee jaar, 6vt. 2dm hoog as hy plat lê, swart hare, bruin oë, weeg 235 lb. en nie een pond daarvan is vet nie. Hannes Venter volg sy kursus. Baie grappig—lag omtrent nooit nie. Soek 'n maat van 18 tot 22 met swart hare wat ook belangstel in die mooi dinge van die lewe. Besit 'n lekker weglê „Bicycle handle"-snor.

### BANG VIR LEEUS

En nou is dit my beurt en ek sal nou maar verplig wees om myself voor te stel. Ek het 'n vreeslike losbandige lewe gelei en is net so oud soos my tweelingboer. Hy is nou 21. Ek is 5vt. 9dm. lank, met ligte krulhare en as ek die dag so voel is ek so skeel dat as ek in die middel van die week staan kan ek altwee Sondae sien. Ek hou van grootwildjag maar is vrekbang vir leeus. Ek hou van visvang, hengel en ek boer langs die viswaters. Ek is 'n entoesiastiese plateversamelaar—veral sinkplate. Ek het 'n voorkop soos 'n wasklip, lippe soos 'n wabriek en ek soen soos 'n stofsuier. Ek vra asters van 18 tot 20 jaar. Almal kan maar skryf—my hart is nes 'n naturellebus, altyd plek vir nog enetjie. Al sewe van ons wil graag foto's hê!

Met dank vir plasing,

HANSLAM.

(● Korrespondensie kan gerig word aan die onderskeie persone, Dawie Dup.—Red.)

## NUWE LIEDJIES

**Ondersoek word tans ingestel na die moontlikheid om nuwe studenteliedjies op te stel. In hierdie verband sal 'n kompetisie uitgeskryf word waaraan prysgeld verbonde sal wees. Die besonderhede van hierdie kompetisie sal in die volgende Wapad aangekondig word.**

## Bestuurslede

Die Studenteraad het op 'n onlangse vergadering die volgende persone aangewys om volgende jaar op die Gesellighеidskomitee van die Universiteit te dien:

**Voors.:** Wynand van der Merwe.
**O/Voors.:** Carl Grundlingh.
**Sekr.:** Johan Serfontein.
**Pgm.:** Piet Heslinga.
**Dames Add.:** Mejj. D. Venter, I. Venter, A. Bekker, en S. van der Walt.
**Mans Add.:** A. Coetzer, P. Potgieter (jnr.), en B. Lessing.

## A.B.K.K. en A.S.O. Besture

**In die vorige Wapad is die uitslae van A.B.K.K. en die Alabama Studente-orkes per ongeluk verkeerdelik weergegee. Ten einde misverstand te vermy, gee ons weer hier die uitslae van die twee besture:**



*P. A. VENTER*

A.B.K.K.

**Voors.:** P. A. Venter.
**O/Voors.:** I. J. Lessing.
**Sekr.:** Mej. C. Cronjè.
**Pgm.:** J. D. Roode.

Die bestuur van die Alabama Studente-orkes is soos volg.

**Voors.:** J. D. Roode.
**O/Voors.:** I. J. Lessing.
**Sekr.:** F. Barnard.
**Pgm.:** N. Raubenheimer.
**Add. lede:** Mej. S. van der Walt en B. Bierman.

### TUSSENVERKIESING

In die afgelope tyd is daar ook tussenverkiesings gehou, a.g.v. verkose lede se bedankings.

Mnr. Paul Kruger is tot addisionele manslid op die bestuur van die Afrikaanse Studentebond verkies, in die plek van mnr. P. A. Venter, wat bedank het.

Ook die bestuur van die Skaakklub is gereorganiseer en sien tans soos volg daar uit:

**Voors.:** Mnr. Johan Koen.
**O/Voors.:** Mnr. Wynand van der Merwe.
**Sekr.:** Mnr. Andries van der Walt.
**Pgm.:** Mnr. Josua Welding.
**Add.:** Mej. H. van Z. Smit.

## Plateprogram

*'n Diskoteekkomitee is deur die Studenteraad in die lewe geroep om onder meer die plateprogramme wat tans Sondagaande in die Studentesaal aangebied word, te behartig.*

*Die lede van die komitee is: Mnr. Jan Scholtemeijer (konvenor) mnr. Ilyll van der Walt en mej. Blanje Combrinck.*

*Hierdie komitee sal in samewerking met die Studentehandboekkomitee 'n konsepreglement opstel en aan die Studenteraad voorlê vir goedkeuring.*

*Mnr. Scholtemeijer het Die Wapad meegedeel dat die moontlikheid ook deur die komitee ondersoek sal word om volgende jaar gedurende weeksaande plateprogramme aan te bied.*

# KULU EN THABA JAH VERKLAAR SKYNOORLOG

**GROOT CHAOS HET Vrydagaand 9 September geheers toe Kulu 'n skynaanval op Thaba Jäh geloods het.**

'n Offisiële en baie hoogdrawende oorlogsverklaring wat die Vrydagmiddag tydens die ete afgelees is, het die Thaba Jiete tydelik in die war gehad. Hulle het aan ons verslaggewer verklaar dat hulle glad nie weet waarom Kulu se haat so skielik teen hulle opgevlam het nie.

Omdat Thaba Jäh egter 'n agtermekaar koshuis is, het hulle gou van hulle skrik herstel en onder die bekwame leiding van gevierde veldhere (—'skuus: veld-dames) 'n teenaanval beplan.

Toe Kulu Thaba Jäh Vrydagaand dus met donderende lawaai bestorm het, het Thaba Jäh se oorlogsplan onmiddellik in aksie getree. Wagte is op verskillende uitkykposte gesit, baddens is volgetap, en 'n geheime operasie is in werking gestel. Ongelukkig kon die Thaba Jiete nie die vreugde smaak om „Operasie X" te verwerklik nie. Die Kuluïete se moed het hulle blykbaar begewe en hulle het slegs so ver as tien treë van die voordeur af gevorder.

### LEË BLIKKE

Verskeie Thaba Jiete het aan ons verklaar dat hulle nie in die minste beïndruk is deur Kulu se geraas nie. „Leë blikke . . ." het hulle gesê.

Wat hulle wel ontstel het, is dat die Kuluïete een van hulle manskappe (of vrouskappe) wat ewe onskuldig van die biblioteek af gekom het, onverhoeds oorval het sonder dat sy haar kon verweer. Toe die arme mens later bedremmeld en swart gesmeer op die stoep gelaat is, het Thaba Jäh wraak gesweer.

### SWART GESMEER

Kort daarna het hulle aanvoerder deur fyn breinwerk en vinnige voetwerk daarin geslaag om 'n Kuluïet gevange te neem. Sy is deeglik swart gesmeer en heelnag as gevangene aangehou.

Om te wys hoe min hulle van Kulu se oorlogvoering dink, het die Thaba Jiete kort na teetyd die aankoop van hul nuwe sitkamergordyne gevier met 'n gesellige partytjie.

Daar was oorgenoeg om te eet en te drink, en 'n konsert gesteun deur plaaslike talent is gehou. Die hoogtepunt van die aand was toe 'n heildronk ingestel is op die gees van Thaba Jäh; en die Thaba Jiete het eenparig saamgestem dat hulle „lus voel vir Kulu".

# HIERDIE ROOSTER IS TOG TE ONMOONTLIK

„Hierdie rooster is vir my onmoontlik!"

„Ek sal nou moet begin swôt aan Fisika—nou!"



*DR. D. P. ERASMUS*

„Ek skryf 'n week lank sonder onderbreking en dan nog soms twee vraestelle per dag!"

„Ek gaan al die 29ste huis toe!"

So het elkeen wat Woensdagmiddag na die kennisgewingbord gaan kyk het, kommentaar gelewer op die voorlopige eksamenrooster wat toe pas verskyn het. Daar was uitroepe van blydskap, van onsteltenis, van swaarmoedigheid, soos dit maar altyd gaan as die rooster uitkom.

### PRIKKELBAAR

Baie bedagsaam, het die kantoor hierdie keer gesorg vir verskeie afskrifte van die rooster, met al die bladsye daarvan oopgespalk, sodat dit nie nodig is dat die prikkelbare humeure verder op die proef gestel word wanneer elkeen van die tientalle toeskouers na verskillende bladsye wil kyk nie.

Die rooster wat verskyn het, is die voorlopige een en alle studente moet dit noukeurig afskryf, om te verseker dat hulle nie moontlike botsings onvermeld laat nie. Die finale eksamenrooster verskyn op 3 Oktober, volgens dr. D. P. Erasmus, die hoofinvigilator.

Volgens die voorlopige rooster is dit ons broers en susters by Farmasie en Dieetkunde wat eerste met die eksamen begin—reeds op 17 Oktober. Die meeste graadstudente kry voor of op 12 November klaar maar daar is nog die kollegas wat met een oog op die vraestel Sinterklaas met sy slee sal sien aangery kom—die Duits-Honneurs- en die M.A.-Maatskaplike Sorg-studente, wat op 19 Desember eksamen doen.

# IN KULU SE VIERKANT

**Hier volg 'n uittreksel van die rede gehou tydens die onlangse feestlikheid—genaamd Unika—deur haar edele die Sekretaresse-generaal van die V.V.O. (Verenigde Vryers Organisasie), Dag-oud, m.a.w. gladnie koud, Hammersoen, in die vierkant van Kulu.**

„My betoog gaan oor die verwydering van enkelbeddens uit die ,staat' Klawerhof, alias Thaba-Lusern.

„Die saak geniet my dringende aandag.

„Geëerde hoogwaardigheidsbekleërs en ander minder belangrike aanwesiges, ek betoog teen die segregasie soos toegepas in Thaba Jäh en Kulu. Ek beveg ,apartheid' wat in die praktyk neerkom op die afsonderlike inwoning van mans en dames in koshuise.

„Op wasdae word slegs **een** dubbelbedlaken ingehandig i.p.v. twee enkelbedlakens. Wat 'n geweldige seep- en waterbesparing!

„Ek bepleit: Eerstejaarkamers: 2 enkelbeddens.

„Tweedejaarkamers: 1 dubbelbed.

„Seniorkamers: **Een** enkelbed.

„'n Geweldige besparing van elektrisiteit—vanaf 6.45 nm. die ligte reeds 'n geruime tyd gedoof.

„Interetes ook van die baan.

„Minder biblioteekvryers."

„Siedaar, die wêreld meer aangenaam."

## P.A.S.V.-bestuur

Die Potchefstroomse Aptekerstudente-vereniging het op 8 September vergader en die volgende bestuurslede vir die volgende jaar verkies:

**Voors.:** J. Offermeier.
**O/Voors.:** K. Stals.
**Sekr.:** Mej. B. Strydom.
**Pgm.:** D. McDonald.
**Add. Lede:** Mej. S. Oosthuysen, L. Kusner.
**Erelede:** Mnre. Johan van der Walt en Gustaaf du Toit.

'n Eerstejaarslid van die bestuur sal volgende jaar verkies word.

## Tussen ons gese

**Percy van Schalkwyk** en **Ansie de Wet** word deesdae dikwels saamgesien; ook **Johan Venter** en **Betsie Kruger.**

### GEKYS

**Kobus Yssel** en **Etta Scheepers.**
**Andre du Toit** en **Ema Jooste.**
**Jan Ras** en **Susan Verhoef.**

### VERLOOF

**„Dimpels" Kirstein** en **Basie van Aarde**, 'n Wes-Transvaalse boer.

En dan sê **Jaap Arangies** dat hy nog nie verloof is nie!

—BRAK.


*DRINK DIE BESTE!*
* Pep-A-Quava
* Pep-A-Dilla
* Ting-A-Ling
* Top-Hat

*DRINK*
* *Super Orange*
* *Fresh Orange*

**Pep-I-Doo**
**Potch Mineral Waters**
Telefoon 16 en 1144 — Posbus 134





*„Aitsa!"*
*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*
**J. TOD SUTTIE**
**Kerkstraat 177 — Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

## Krieket:

# KOMPLEKS VERSLAAN DAWIE DUP

DIE KOMPLEKS het Dawie Dup Saterdagoggend in die eerste wedstryd van die koshuiskrieketliga met agt paaltjies verslaan.

Jan Ras, Kompleks se kaptein, het die loot gewen en Dawie Dup ingestuur om eerste te kolf.

Die Dawie Dupers het swak begin en twee paaltjies was plat met slegs twee lopies op die telbord. Chris Putter en Harry Oosthuizen het die telbord egter daarna laat gesels tot 28 lopies tot Oosthuizen skoongeboul is deur Froneman.

Froneman het die beste boulontleding van die wedstryd gehad en in ses beurte sewe paaltjies platgetrek vir dertien lopies.

**STEWIGE BEGIN**

Die Dawie Dupers was almal uit vir 54 lopies. Slegs twee kolwers kon dubbele syfers agter hul name skryf—Putter (21) en Hoppie Roets (11).

Die Kompleks het goed afgesit en Froneman het in die eerste boulbeurt wat hy ontvang het van Marius Aucamp twee viere en 'n ses geslaan.

Hy en Ras het 'n stewige eerste-paaltjie vennootskap van 33 lopies daargestel voordat Ras skoongeboul is deur Putter. Froneman is uiteindelik uit met sy telling op 31.

Eloff (24) was die enigste ander kolwer wat dubbele syfers kon behaal.

## DIE TELKAART:

**DAWIE DUP**

| | |
|---|---|
| De Wet, b Labuschagne | 2 |
| Oosthuizen, b Froneman | 6 |
| Herbst, bvp Labuschagne | 0 |
| Putter, v en b Froneman | 21 |
| Breytenbach, bvp Froneman | 3 |
| Van der Schyff, b Labuschagne | 4 |
| Roets, v Coetzer, b Froneman | 11 |
| Steinberg, b Froneman | 2 |
| Aucamp, v Eloff, b Froneman | 0 |
| Dannhauser, nun | 1 |
| Duvenage, v Coetzer, b Froneman | 0 |
| Ekstras | 3 |
| Totaal | 54 |

**Boulontleding:** Labuschagne 7-1-23-3; Coetzer 3-0-5-0; Van Schalkwyk 2-2-0-0; Froneman 6-0-13-7; Van der Walt 1-0-13-0.

**KOMPLEKS**

| | |
|---|---|
| Froneman, bvp Putter | 31 |
| Ras, b Putter | 5 |
| Eloff, b De Wet | 24 |
| Coetzer, b De Wet | 7 |
| Van der Walt, uitgeh. | 0 |
| Van Schalkwyk, v Dannhauser, b Roets | 1 |
| Labuschagne, bvp Putter | 4 |
| Botha, b De Wet | 5 |
| Aucamp, b Roets | 0 |
| Louw, b Breytenbach | 1 |
| Koen, nun | 2 |
| Ekstras | 1 |
| Totaal | 81 |

**Boulontleding:** Dannhauser 5-2-11-0; Aucamp 1-0-14-0; Oosthuizen 4-1-6-0; Putter 6-0-27-3; De Wet 6-2-19-3; Breytenbach 2-2-0-1; Roets 1-0-3-2.

# Onder 19-span Wen Liga

**Met hulle wedstryd verlede Saterdag teen Pote het die O/19-span die seisoen as wenners van die Wes-Transvaalse O/19-liga afgesluit. Die wedstryd teen Pote het 14—6 in die Puk se guns geëindig.**

Daarmee het die O/19-span ook die tradisie van die afgelope vyf jaar gehandhaaf en die Barnardbeker weer na die Puk gebring.

**KANSE SKRAAL**

Aan die begin van die jaar het die kanse om die liga te wen skraal gelyk aangesien die belangstelling min was in vergelyking met vorige jare.

Die span is deur mnre. Cas Kruger en Jannie Schutte, die O/19 afrigter en voorsitter van die Rugbyklub onderskeidelik, so reggeruk dat sewe van die spelers ook in die Wes-Transvaalse O/19-span ingesluit is.

Daar is nog een wedstryd wat teen Proefplaas gespeel moet word maar na verneem word sal die punte gestuur word.

● Hartlik geluk aan al die getroue spelers wat meegehelp het om die seisoen tot hierdie sukses te voer.



*JOHAN VAN DER WALT, die Puk se knaige langasem-atleet het Saterdag weer veel bygedra tot sy span se oorwinning in die padwedloop van Ventersdorp na Potchefstroom.*

# DIE NESER ONS NEUS VERBY

NA DIE ONVERWAGTE nederlaag wat die Pukke teen Normaal op die lyf geloop het, het die glorie om weer as Neserkampioene uit die liga te tree, soos mis voor die môreson vervaag.

Die rede hiervoor is dat die eerstespan twee Saterdae agtereenvolgens met 14—6 en 11—6 die knie moes buig voor Strathvaal—vanjaar se Neserkampioene.

Weliswaar moes die Pukke sonder die hulp van drie staatmakers klaarkom, te wete Jan van der Schyff, Carl Grundlingh en Mic Moolman wat op die krukkelys is, maar hul plaasvervangers het hul heeltemal goed van hul taak gekwyt. Die studente se spel het vinnig inspirasie openbaar en die span as geheel het geen slaankrag gehad nie.

**GOED BEGIN**

Puk het goed weggespring en gou voorgeloop met ses punte teen nul na twee reuse strafskoppe van Toy Dannhauser en Schalk Hoogenboezem. Met die afskop na die tweede strafskop het Strathvaal verbete aangeval en geantwoord met 'n vervyfde drie. Dit het die telling op 6—5 te staan gebring.

In hierdie stadium van die wedstryd was die uitslag nog in die weegskaal.

**VEG MOEDIG**

Na rustyd het die Pukke moedig teruggeveg maar kon net nie deurdring nie. 'n Onverwagte skepskop van Chris Meyer wat voor die pale skeef gedraai het, is toegeken en hierna is die bordjies verhang.



*SCHALK HOOGENBOEZEM wat Saterdag weer puik spel in die laaste vesting gelewer het.*

Puk het nou 'n verloorstryd gestry. Individuele stormlope het by gebrek aan ondersteuning misluk en die Pukke moes die stryd gewonne gee nadat Strathvaal nog 'n laaste strafskop deur die pale geloods het. Dit hit die eindtelling op 11—6 te staan gebring.—I.J.L.

# NAVY WEN DIE BEKER

HOEWEL NAVY die vorige Saterdag met 11—9 nie teen Strathvaal die mas kon opkom nie, het Hekkie Harmse en sy manne verlede Saterdag hul nederlaag ten volle gewreek deur hul teenstanders 24—3 op hul baadjie te gee.

Met hierdie oortuigende oorwinning het Navy dan ook gesorg dat hulle die liga in hul guns beklink.

Die Pukke het die bal lustig gehanteer en herhaaldelik vir Strathvaal in die war gebring. Onder die agterspelers het Charlie Williams en W. D. Pienaar (wat twee pragdrieë aangeteken het) verdienstelike spel gelewer. Poens Prinsloo, De Waal en Lou Erasmus was die voorspelers wat gedurig gewoeker het.

Die ander punte is aangeteken deur Carl Fouche, Erasmus en Pieter van der Bank wat elk 'n drie behaal het terwyl Charlie Williams met drie vervyf- en een strafskop geslaag het.

**VORIGE UITSLAE**

**Teen Pote:**

Eerstespan: verloor 6—5.
Navy: wen 10—3.
Fires: wen 20—6.

**Teen Dorp:**

Fires wen 11—3.

# Die Sportman Sê:

**Hierdie koshuiskrieketliga gaan lewe in krieket op die Universiteit bring.**

* * *

**Sommige rugbyskeidsregters „swot" seker reëls, maar pas hulle eienaardig toe—mens dink aan Olënpark Saterdag . . .**

# Kasterolie na Roomys

**Vir die pawiljoensitter Saterdag in die wedstryd tussen die Pukke en Strathvaal op Olënpark het die skeidsregter, mnr. H. C. Wallis, die wedstryd soms baie eienaardig beheer.**



*BOK FOURIE*

Maar 'n nog heel eienaardiger voorval het hom in dieselfde wedstryd afgespeel: Bok Fourie, wat reeds die afgelope vier jaar eerste ligawedstryde speel en wat reeds vir Wes-Transvaal se tweede 15-tal opgedraf het, het in die wedstryd gaan agtsteman speel.

Fourie het die stryd gewonne gegee nadat die skeidsregter hom herhaaldelik gestraf het oor die wyse waarop hy die bal in die skrum sou gegooi het.

Amie van Wyk het gaan skrumskakel speel en Fourie agtsteman.

Hierdie eienaardige wedstryd het dan ook geen skouspelagtige voetbal opgelewer nie—dit het gewemel van strafskoppe aan beide kante.

Na die mooi wedstryd wat Navy gespeel het, was die hoofwedstryd soos kasterolie na roomys.—(Red.,

# SATERDAG SE KRIEKET

'n Gekombineerde span van die Kompleks en Dawie Dup sal eerskomende Saterdagoggend op die krieketveld kragte meet.

Die wedstryd, wat om halfnege sal begin, behoort spannende krieket op te lewer aangesien albei spanne spog met erkende ligaspelers.

Die Saterdag daarop sal die twee vleuels van Dawie Dup waarskynlik kragte meet.

# In en Om die Kleedkamers

DIE RUGBYSEISOEN draal te einde. Die rugbyliefhebber woon elke Saterdag die wedstryde meer uit lojaliteit teenoor sy klubspan by as vir die genot van mooi rugby.

Dit is eintlik teenstrydig: teen die einde van die seisoen behoort die spelers mekaar tog al so goed te ken dat alles soos 'n ge-oliede masjien verloop.

As mens die soort rugby vergelyk wat ons eerstespan tans speel met bv. die rugby wat hul met Intervarsitie gespeel het, is dit byna ongelooflik dat dit dieselfde span is. Die oorsaak hiervoor lê diep.

Reeds teen Februarie begin ons spelers hul vere regskud vir die komende seisoen en dan is dit rugby tot einde September. Eers word die somersportsoorte soos atletiek, krieket en bofbal in die wiele gery en teen die einde van die jaar is dit dieselfde geval.

**BAIE BAAT**

Verlede jaar het die rugbyklub 'n progressiewe stap gedoen deur net vir die Neserliga in te skryf en dit het die klub baie gebaat.

Het dit nie nou tyd geword dat ons rugbyklub nou verder moet gaan nie? As hul die saak kan deurgeveg kry dat daar net een ronde in die liga gespeel word i.p.v. twee soos tans die geval is, sal die klub gedurende die tweede kwartaal sy verpligtings teenoor die liga kan nakom en die derde kwartaal kan dan vir vriendskaplike wedstryde gehou word indien daarvoor 'n behoefte is.

Ons nasionale spel se krag lê in die klubrugby maar tans smoor die liga die klubrugby.

Die seisoen word te uitgerek, die klimaat word te warm en die spelers verloor nie alleen belangstelling vir die spel nie maar word ook sat daarvoor.

Hierby kom nog die feit dat die akademie hierdie tyd van die jaar druk en spelers nie meer kan oefen nie.

**DEURGAANS GEESDRIF**

As ons die saak op hierdie wyse geskik kry, sal die geesdrif van die spelers dwarsdeur die korter seisoen gaande gehou word. Dan sal die klubsekretaris nie oortyd moet werk om elke Saterdag 'n paar spanne saam te flans vir die ligawedstryde teen die einde van die jaar nie.

Dit sal die gehalte van ons rugby verhoog en die somersportsoorte sal ook 'n stoot vorentoe kry deurdat sportmanne dan nie dwarsdeur die jaar aan rugby gebonde sal wees nie.

Om sodanige ommekeer te bewerkstellig, sal seker heelwat stryd verg, maar die stryd gaan die moeite werd wees as mens die saak sien in die lig van: „Sport terwille van sport".

—STUURMAN AAN-WAL.

Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom.

Sterkte!



Lion Export Ale

VZ006124/2